

Source: VOLKSBLAD

Date: 06-Mar-2003

Topic: 19

Ref No: 1048



1

ID: 02923694-01

Source Page: 2

Insetkoste op plase ook ondersoek – Graan SA

■ CHARLES SMITH

DIE werk van die komitee wat voedselpryse ondersoek, gaan uitgebrei word om die insetkoste op plase te ondersoek. Die prys van brandstof en kunsmis sal hierby ingesluit word, het prof. Johann Kirsten, voorsitter, op Graan SA se jaarlikse kongres in Bothaville gesê.

Hy het gesê die prysstygings buite die plaashek is rede tot groot kommer, want daar is mense in die prysketting wat "meer vat as wat hulle moet".

Hierdie standpunt is deur die kongres verwelkom en is later op 'n beskrywingspunt geopper.

Mnr. Koos du Plessis van Vrededorp het ter inleiding van die beskrywingspunt gesê terwyl baie uitsprake oor die hoë graan- en voedselpryse aan die orde van die dag was, het min mense besef wat die uitwerking van die swakker wisselkoers op die pryse van insette was. Die afgelope plantseisoen moes boere graangewasse aanplant met insetpryse wat 30% tot 40% hoër was as die vorige seisoen.

Kirsten het oor die wisselkoers se uitwerking op pryse verwys na handelaars wat ou voorraad as nuwes verkoop teen die hoër pryse. Die rol van byvoorbeeld handelaars wat

as middelmanne optree en baie hoër pryse vra, moet ook ondersoek word. Kirsten, wat verlede jaar een van twee ekonome was wat 'n ondersoek oor pryse in die landbou vir mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, gedoen het, het gesê landbou in Afrika word afgeskeep.

Hul voorstel was as die regering groei en stabiliteit wil hê, moet in die landbou belê word. Hy en dr. Nick Vink het bevind dat die reële prys van mielies in Desember 2001 die eerste keer bó die prys in 1975 was. Nóg 'n aanbeveling was dat meer in landbounavorsing en in boere belê moet word. Dié stap is in die begroting uitgeoefen, waar R1 miljard vir onder meer navorsing toegewys is.

Hy het gesê as produsentepryse daal, is daar steeds 'n styging in die kleinhandelsprys. Wat kommer wek, is dat die prys van kos in restaurante nie ingesluit is in die voedselprysindeks nie. Mieliemeel wat in die inkopiemandjie beland, is ook net 0,1% van die mark. Nog 'n voorstel was dat bystandsprogramme vir boere uitgebrei en infrastruktuur vir landbou verbeter moet word. Dit is aan hom genoem dat daar by Makouspan reeds minder swart boere as in 1994 is. Programme soos voorligting word afgeskeep.